

DIE PROVINSIE TRANSVAAL  
**Buitengewone**  
**Offisiële Koerant**

(As 'n Nuusblad by die Postkantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

VOL. 220

PRETORIA, 7 APRIL 1976

3811

**ALGEMENE KENNISGEWING**

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

KENNISGEWING 160 VAN 1976.

**ADVERTERING VAN VAKANTE ONDERWYSPOSTE**

**1. Datum van Vulling van Vakante Poste**

Hier volg 'n lys van vakante poste verbondé aan die onderwyshulpdienste en aan provinsiale onderwysinrigtings waarvoor onderwysers, tensy anders aangedui, op die openingsdag van die eerste skool- of kollege termyn, 1977 nodig sal wees.

**2. Sluitingsdatum vir Applikasies**

Die applikasies sluit op 14 Mei 1976 en moet die betrokke persoon, soos in paragraaf 4(2) genoem, nie later nie as 16h00 op hierdie datum bereik.

**3. Inligting deur Voornemende Applikante om Bevorderingsposte**

Let Wel.—Voornemende applikante om poste van rektor, vice-rektor, hoof, adjunk-hoof en vise-hoof moet asseblief daarop let dat hulle, afgesien van die applikasie op vorm T.O.D. 487 (kyk paragraaf 4) ook vorm T.O.D. 486 (Inligting oor voornemende applikante om bevorderingsposte) moet voltooi en aan die Voorsitter, Keurraad, Privaatsak X76, Pretoria, 0001, stuur om hom nie later nie as 30 April 1976 te bereik.

**4. Applikasies en Lyste van Applikasies: Procedure**

**(1) Wyse waarop geappliseer moet word**

- (a) Afsonderlike applikasies moet in tweevoud vir elke vakanter op vorm T.O.D. 487 ingedien word wat spesiaal vir dié doel beskikbaar is en by skoolraadskantore, skole en onderwyskolleges verkrygbaar is.
- (b) Die verwysingsnummer van die vakanter waarom aansoek gedoen word, moet in die regterbohoek van die applikasievorms ingevul word. Die verwysingsnummer verskyn teenoor die vereistes vir elke pos. As gevolg van die toenemende gebruik van die rekenoutomaat in verband met die saak is dit noodsaaklik dat hierdie nommer volledig en akkuraat aangedui word.
- (c) Alle dokumente ten opsigte van elke applikasie moet aan vorms T.O.D. 487 geheg word alvorens dit aangestuur word.
- (d) Afskrifte van getuigskrifte moet by elke afsonderlike applikasie aangeheg word. (Oorspronklike getuigskrifte kan nie terugbesorg word nie).
- (e) Applikante moet hul privaatadresse en telefoonnummers (indien enige) op vorms T.O.D. 487 verstrek.



**E PROVINCE OF TRANSVAAL**  
**Official Gazette**  
**Extraordinary**

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

**GENERAL NOTICE**

TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT.

NOTICE 160 OF 1976.

**ADVERTISING OF VACANT TEACHING POSTS**

**1. Date of Filling of Vacant Posts**

Appended is a list of vacant posts attached to the ancillary educational services, and at provincial education institutions for which teachers will unless otherwise stated, be required on the opening day of the first school or college term 1977.

**2. Closing date for applications**

The applications close on 14 May, 1976 and must reach the person concerned, as mentioned in paragraph 4(2) not later than 16h00 on that date.

**3. Information by Prospective Applicants for Promotion Posts**

Note.—Prospective applicants for posts of rector, vice-rector, principal, deputy principal and vice-principal must please note that, in addition to the application on form T.E.D. 487 (please see paragraph 4), they must also complete form T.E.D. 486 (Information about prospective applicants for Promotion Posts) and forward this completed form to reach the Chairman, Selection Board, Private Bag X76, Pretoria, 0001, not later than 30 April, 1976.

**4. Applications and Lists of Applications: Procedure**

**(1) Manner of applying**

- (a) Separate applications must be submitted in duplicate for each vacancy on form T.E.D. 487, which is provided specially for this purpose and is obtainable at school board offices, schools and colleges of education.
- (b) The reference number of the vacancy for which application is made, must be inserted in the top right hand corner of the application forms. The reference number appears opposite the requirements for each post. In view of the increasing use of the computer in connection with this matter, it is essential that this number be furnished fully and accurately.
- (c) All documents regarding each application must be attached to forms T.E.D. 487 before being forwarded.
- (d) Copies of testimonials must be attached to each separate application (Originals of testimonials cannot be returned).
- (e) Applicants must furnish their private addresses and telephone numbers (if any) on forms T.E.D. 487.

- (f) Die woord "Applikasies" moet op die koevert waarmee applikasies aangestuur word, aangebring word.
- (g) Applikasies moet van die vereiste posseëls voorsien wees. (Daar word aan die hand gedoen dat applikasies per geregistreerde pos versend word.)

**(2) Aan wie applikasies gerig moet word**

- (a) Die applikasies moet (na gelang van die geval) aan een van die volgende gepos word:—
- In die geval van poste nie aan provinsiale onderwysinrigtings verbonde nie (die onderwyshulpdienste), aan die Direkteur van Onderwys, Privaatsak X76, Pretoria, 0001.
  - In die geval van rektor-, vise-rektor-, hoof-, adjunkhoof- en visehoofposte, aan die Voorsitter, Keurraad, Privaatsak X76, Pretoria, 0001.
  - In die geval van departementshoofposte aan die rektor van die betrokke inrigting.
  - In geval van assistent- en senior assistentposte aan die hoof van die betrokke inrigting.

**(3) Indiening van Lyste van Applikasies**

- (a) In alle gevalle waar aansoek om geadverteerde onderwysposte gedoen word selfs al word daar om slegs een pos aansoek gedoen, moet applikante die Direkteur van Onderwys, Privaatsak X76, Pretoria, 0001, voorsien van 'n lys van al die poste waarvoor aansoek gedoen is.
- (b) Die voorgeskrewe vorm T.O.D. 575 moet vir dié doel gebruik word. Die vorms is by skoolraadskantore, skole en onderwyskolleges verkrygbaar.
- (c) Die lys moet die Departement bereik nie later nie as die voorgeskrewe sluitingsdatum van die applikasies (paragraaf 2).
- (d) Applikante wat om bevorderingsposte in die Februarie en April vakaturelys aansoek doen, word versoek om op vorm T.O.D. 575, alle poste waarom in beide vakaturelyste aansoek gedoen word aan te toon en moet ook aandui dat dit die vorige vorm T.O.D. 575 vervang.

Let Wel:—

- Die voorkeurorde van slegs die eerste en tweede poste wat op die lys verskyn, sal, waar moontlik, in aanmerking geneem word. Indien die poste alreeds gevul is, sal applikante oorweeg word vir aanstelling in enige van die ander poste waarvoor hulle aanbeveel is. Die Departement behou egter die reg om 'n applikant in enige van die poste waarvoor aansoek gedoen is, aan te stel.
- Geen wysigings van die lys van applikasies sal aanvaar word nie, behalwe waar omstandighede mag ontstaan het wat dit noodsaaklik maak dat sekere applikasies gekanselleer word. In sodanige uitsonderlike gevalle sal die Departement bereid wees om ten volle gemotiveerde vertoë te oorweeg.
- Versuim om die vereiste lys van applikasies in te dien, veroorsaak nie slegs vertraging in die afhandeling van die keuring en aanstelling van applikante nie, maar mag ook tot gevolg hê dat die betrokke applikante nie oorweeg word vir poste waarvoor hulle aansoek gedoen het nie.

**5. Aanwending van dienste van suksesvolle applikante.**

Die aandag van applikante word daarop gevëstig dat —

- die Departement 'n onderwyser kan aanstel in enige vakature waarom hy aansoek gedoen het en waarvoor sy kwalifikasies hom geskik maak en dat 'n skoolhoof van 'n onderwyser se dienste gebruik kan maak in enige hoedanigheid wat beskou word as in belang van die onderwys;
- iedere onderwyser, indien die hoof van die provinsiale onderwysinrigting waaraan sodanige onderwyser verbonde is hom daartoe versoek, sodanige aandeel moet neem aan die organisasie van en toesig hou oor die biblioteek, sport, uitstappies, kadetkorps en ander buitemuurse bedrywighede van sodanige provinsiale onderwysinrigting, as wat die hoof van hom mag verlang.

- (f) The envelope in which applications are forwarded must be marked "Applications".
- (g) Applications must bear the necessary postage. (It is suggested that applications be forwarded by registered post.)

**(2) To whom applications should be directed**

- (a) The applications must (as the case may be) be directed to one of the following:—
- In the case of posts not attached to provincial educational institutions (the educational ancillary services), to the Director of Education, Private Bag X76, Pretoria, 0001.
  - In the case of posts of rector, vice-rector, principal, deputy principal and vice-principal, to the Chairman, Selection Board, Private Bag X76, Pretoria, 0001.
  - In the case of posts of head of department to the rector of the institution concerned.
  - In the case of posts of assistant and senior assistant, to the principal of the institution concerned.

**(3) Submission of Lists of Applications**

- (a) In all cases where application is made for advertised teaching posts, even if only one post is applied for, applicants must furnish the Director of Education, Private Bag X76, Pretoria, 0001, with a list of all the posts applied for.
- (b) The prescribed form T.E.D. 575 must be used for this purpose. The forms are obtainable from school board offices, schools and colleges of education.
- (c) The list must reach the Department not later than the prescribed closing date of the applications (paragraph 2).
- (d) Applicants who apply for promotion posts in both the February and April Vacancy Lists, are requested to indicate on form T.E.D. 575, all the posts which are applied for in both Vacancy Lists and also to indicate that it replaces the previous form T.E.D. 575.

Note:—

- The order of preference of only the first and second posts appearing on the list will, where possible, be taken into account. If these posts have already been filled, applicants will be considered for appointment to any of the other posts for which they have been recommended. The Department reserves the right, however, to appoint an applicant to any of the posts applied for.
- No amendments of the list of applications will be accepted except where circumstances may have arisen which make it imperative that certain applications be cancelled. The Department will in such exceptional cases be prepared to consider fully motivated representations.
- Failure to submit the required list of applications not only causes delay in dealing with the selection and appointment of applicants, but could result in the applicants concerned not being considered for posts for which they have applied.

**5. Utilising Services of Successful Applicants**

The attention of teachers is directed to the fact that —

- the Department may appoint a teacher in any vacancy for which he has applied and for which he holds suitable qualifications and that a principal of a school may make use of the services of a teacher in any capacity to be in the interest of education.
- any teacher if so requested by the principal of the provincial educational institution to which such teacher is attached must participate in the organisation and supervision of the library, sport, excursions, cadet corps and other extra-mural activities of such provincial educational institution, as the principal may require of him.

PLEASE NOTE THAT WILLIE SNYMAN SCHOOL HAS  
ERRONEOUSLY BEEN PLACED UNDER PRIMARY  
SCHOOLS PAGE 174 INSTEAD OF SPECIAL SCHOOLS  
PAGE 109.

LET ASSEBLETF DAAROP DAT WILLIE SNYMAN  
SKOOL VERKEERDELIK BY PRIMÈRE SKOLE BLADSY 109  
174, IN PLAAS VAN BY SPESIALE SKOLE BLADSY 109,  
GEPLAAS IS.

...gedui indien  
...n onderwyserswoening aan 'n pos verbonde is en die waardasie  
van die woning asook inligting oor bykomstige heffings of  
kortings aangaande die huur kan van die Skoolraadsekretaris  
verkry word.

#### 9. Registrasie van Applikante

(1) Niemand word aangestel nie wat versuim om aan die Departement 'n opgaaf op vorm T.O.D. 1 te stuur van sy of haar onderwyservaring en kwalifikasies, gestaaf deur afskrifte van sertifikate en getuigskrifte wat as ware afskrifte van die oorspronklike deur 'n Kommissaris van Ede gewaarmerk is. Die persoon wat hierdie dokumente waarmerk, moet meld dat hy dit in sy hoedanigheid van Kommissaris van Ede doen,

(2) Hierdie bepaling het nie betrekking op diensdoende onderwysers nie. Indien sodanige onderwysers egter in besit is van sertifikate en/of getuigskrifte wat nog nie by die Departement geregistreer is nie, word hulle versoek om afskrifte daarvan op die voorgeskrewe wyse vir registrasiedoeleindes in te dien.

(3) Registrasievorms (T.O.D. 1) is by Skoolraadskantore en by die Departement verkrybaar.

#### 10. Kwalifiserende Vereiste vir Aanstelling

(1) As applikante vir aanstelling in enige van die geadverteerde poste in aanmerking geneem wil word, moet hulle die kwalifikasies vir sodanige poste besit, soos uiteengesit in die Aanstellings- en Diensvoorraaderegulasies vir Inspekteurs van Onderwys aangestel ingevolge artikel 5 van die Onderwysordinansie, 1953, soos gewysig, wat nie lede van die Staatsdiens van die Republiek is nie en vir Onderwysers genoem in Hoofstuk V van die Onderwysordinansie, 1953, soos gewysig, en enige aanstelling sal aan die bepalings van genoemde Ordinansie en Regulasies onderworpe wees.

(2) Die kwalifikasies en ervaring vir bepaalde poste vereis, is in paragraaf 12 hieronder uiteengesit.

(3) Applikante moet burgers van die Republiek van Suid-Afrika wees. (Dit het nie betrekking op onderwysers wat alreeds in 'n permanente hoedanigheid in die diens van die Departement is nie).

#### 11. Pogings om Tussenkoms te verkry met betrekking tot Aanstellings

Pogings om tussenkoms van enige bron te verkry met betrekking tot aanstellings, bevorderings of verplaasings word as 'n diskwalifikasie beskou. (Artikel 89(b) van die Onderwysordinansie, 1953, soos gewysig).

#### 12. Kwalifikasies vereis van 'n onderwyser vir aanstelling in 'n permanente hoedanigheid

Die minimum kwalifikasies wat van applikante vereis word vir aanstelling in die diens van die Departement in 'n permanente hoedanigheid aan 'n provinsiale onderwysinrigting en 'n onderwyshulpsiens in enigeen van die verskillende grade van poste, is soos volg:

##### A—Pos van Rektor

###### Onderwyskollege —

- (a) 'n goedgekeurde meestersgraad van 'n universiteit;
- (b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (c) tien jaar werklike onderwyservaring.

#### 6. Cancellation of Appointments

Requests for the cancellation of an appointment in a permanent capacity once made will be considered only under very exceptional circumstances.

#### 7. Residence in Provincial Hostel

Successful applicants may be required to be resident in a provincial hostel. If resident, the usual charges will be made for boarding.

#### 8. Posts to which Teacher's Quarters are attached

(1) Teachers appointed to posts to which teachers' quarters are attached, must pay the rent for such quarters and must comply with the conditions of tenancy applicable to such quarters in terms of the regulations framed in accordance with the Education Ordinance, 1953, as amended.

(2) Normally it is indicated in the advertisement if teachers' quarters are attached to a post and the valuation of the quarters as well as information concerning subsidiary impositions or deductions regarding the rent can be obtained from the School Board Secretary.

#### 9. Registration of Applicants

(1) No candidate will be appointed who has failed to submit to the Department a statement on form T.E.D. 1 of his or her teaching experience and qualifications, supported by copies of certificates and testimonials certified as true copies of the originals by a Commissioner of Oaths. The person who certifies these documents must state that he does so in his capacity as a Commissioner of Oaths.

(2) This provision is not applicable to teachers in service. If such teachers are, however, in possession of certificates and/or testimonials which have not been registered with the Department, they are required to submit copies thereof for registration purposes in accordance with the prescribed procedure.

(3) Forms of registration (T.E.D. 1) are obtainable from School Board Offices and from the Department.

#### 10. Qualifications required for Appointment

(1) To render applicants eligible for appointment to any of the posts advertised, they must possess the qualifications for such posts, as set out in the Regulations prescribing the Conditions of Appointment and Service of Inspectors of Education appointed in terms of section 5 of the Education Ordinance, 1953, as amended, who are not members of the Public Service of the Republic and of Teachers referred to in Chapter V of the Education Ordinance, 1953, as amended, and any appointment will be subject to the provisions of the above-mentioned Ordinance and Regulations.

(2) The qualifications and experience required for particular posts are set out in paragraph 12 hereunder.

(3) Applicants must be citizens of the Republic of South Africa. (Teachers who are already in the service of the Department in a permanent capacity are not affected).

#### 11. Attempts to secure Intervention in relation to Appointments

Attempts to secure intervention from any source in relation to appointments, promotions or transfers will be regarded as a disqualification (Section 89(b) of the Education Ordinance, 1953, as amended).

#### 12. Qualifications required of a teacher for appointment in a permanent capacity

The minimum qualifications required of applicants for appointment in the service of the Department in a permanent capacity to a provincial educational institution and an educational ancillary service in the following grades of posts, shall be as follows:

##### A—Post of Rector

###### College of Education —

- (a) an approved master's degree of a university;
- (b) a recognised professional teaching qualification; and
- (c) ten years' actual teaching experience.

**B.—Pos van Hoof**

(1) Enige sekondêre skool (uitgesonderd 'n sekondêre skool vir kuns, musiek en ballet, veldskole en die Normanhuis-skool), die kliniek skole Hoopspruit en Christiana en enige pos van onderwyser verbonde aan 'n onderwyshulpsiens, wat gegradeer is gelyk aan of hoër as 'n pos van hoof van 'n sekondêre skool —

- (a) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad van 'n universiteit;
- (b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (c) tien jaar werklike onderwyservaring.

(2) Enige sekondêre skool vir kuns, musiek en ballet, veldskole en die Normanhuis-skool —

- (a) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (b) tien jaar werklike onderwyservaring.

(3) Enige primêre skool, die kliniekskool Amalia en Leeudoringstad, uitgesluit kleuterskole en enige pos van onderwyser, verbonde aan 'n onderwyshulpsiens, wat gegradeer is gelyk aan 'n pos van hoof van 'n primêre skool —

- (a) Grade PI en PII —

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (ii) tien jaar werklike onderwyservaring.

- (b) Graad PIII —

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (ii) sewe jaar werklike onderwyservaring.

- (c) Graad PIV —

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie B vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (ii) vier jaar werklike onderwyservaring.

**(4) Enige Kleuterskool —**

- (a) Graad PIII —

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele kleuterskoolonderwyskwalifikasie insluit of ander gelykwaardige kwalifikasies; en
- (ii) sewe jaar werklike onderwyservaring.

- (b) Graad PIV —

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie B vereis word en wat 'n erkende professionele kleuterskoolonderwyskwalifikasie insluit of ander gelykwaardige kwalifikasies; en
- (ii) vier jaar werklike onderwyservaring.

**C.—Pos van Vise-rektor****Onderwyskollege —**

- (a) 'n goedgekeurde meestersgraad van 'n universiteit;
- (b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (c) tien jaar werklike onderwyservaring.

**D.—Pos van Adjunk-hoof**

(1) Enige sekondêre skool (uitgesonderd 'n sekondêre skool vir kuns, musiek en ballet), die kliniekskole Loopspruit en Schoemansdal en enige pos van onderwyser, verbonde aan 'n onderwyshulpsiens, wat gegradeer is gelyk aan 'n pos van adjunk-hoof (sekondêre skool) —

- (a) 'n goedgekeurde baccalaureusgraad van 'n universiteit;
- (b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (c) agt jaar werklike onderwyservaring.

**(2) Enige sekondêre skool vir kuns, musiek en ballet —**

- (a) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie D vereis word en wat 'n goedgekeurde graad van 'n universiteit asook 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (b) agt jaar werklike onderwyservaring.

**B.—Post of Principal**

(1) Any secondary school (excluding a secondary school of art, music and ballet, veld schools, and the Norman House School) the clinic schools Hoopspruit and Christiana and any post of teacher, attached to an educational ancillary service, graded equal to or higher than a post of principal of a secondary school —

- (a) an approved bachelor's degree of a university;
- (b) a recognised professional teaching qualification; and
- (c) ten years' actual teaching experience.

(2) Any secondary school of art, music and ballet, veld schools and the Norman House School —

- (a) qualifications required for classification into category D and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (b) ten years' actual teaching experience.

(3) Any primary school, the clinic schools Amalia and Leeudoringstad, excluding nursery schools and any post of teacher, attached to an educational ancillary service, graded equal to a post of principal of a primary school —

**(a) Grades PI and PII —**

- (i) qualifications required for classification into category C and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (ii) ten years' actual teaching experience.

**(b) Grade PIII —**

- (i) qualifications required for classification into category C and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (ii) seven years' actual teaching experience.

**(c) Grade PIV —**

- (i) qualifications required for classification into category B and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (ii) four years' actual teaching experience.

**(4) Any nursery school —****(a) Grade PIII —**

- (i) qualifications required for classification into category C, and which include a recognised professional nursery school teaching qualification or other equivalent qualifications; and
- (ii) seven years' actual teaching experience.

**(b) Grade PIV —**

- (i) qualifications required for classification into category B and which include a recognised professional nursery school teaching qualification or other equivalent qualifications; and
- (ii) four years' actual teaching experience.

**C.—Post of Vice-Rector****College of Education —**

- (a) an approved master's degree of a university;
- (b) a recognised professional teaching qualification; and
- (c) ten years' actual teaching experience.

**D.—Post of Deputy Principal**

(1) Any secondary school (excluding a secondary school of art, music and ballet), the Loopspruit and Schoemansdal clinic schools and any post of teacher, attached to an educational ancillary service, graded equal to a post of deputy principal (secondary school) —

- (a) an approved bachelor's degree of a university;
- (b) a recognised professional teaching qualification; and
- (c) eight years' actual teaching experience.

**(2) Any secondary school of art, music and ballet —**

- (a) qualifications required for classification into category D and which include both an approved degree of a university and a recognised professional teaching qualification; and
- (b) eight years' actual teaching experience.

(3) Enige primêre skool en enige skool wat aldus gegradeer is en enige pos van onderwyser, verbonde aan 'n onderwyshulpdiens wat gegradeer is gelyk aan 'n pos van adjunk-hoof (primêre skool) —

- (a) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (b) agt jaar werklike onderwyservaring.

#### E.—Pos van Vise-hoof

(1) Enige sekondêre skool [uitgesonderd 'n pos van vise-hoof (werkinkel) aan 'n sekondêre tegniese skool of die tegniese afdeling van 'n sekondêre handel- en tegniese skool en 'n pos van vise-hoof aan 'n sekondêre skool vir kuns, musiek en ballet] die kliniekskole Loopspruit en Schoemansdal en enige pos van onderwyser, verbonde aan 'n onderwyshulpdiens, wat gegradeer is gelyk aan 'n pos van vise-hoof (sekondêre skool) —

- (a) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (b) ses jaar werklike onderwyservaring.

(2) Enige sekondêre tegniese skool of die tegniese afdeling van 'n sekondêre handels- en tegniese skool (vise-hoof werkinkel) —

- (a) 'n Nasionale Tegniese Diploma of erkende gelykwaardige kwalifikasies;
- (b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (c) ses jaar praktiese ondervinding in 'n werkinkel.

(3) Enige sekondêre skool vir kuns, musiek en ballet —

- (a) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie asook 'n gepaste kwalifikasie in die betrokke kunsrigting insluit; en
- (b) ses jaar werklike onderwyservaring.

(4) Enige primêre skool en enige skool wat aldus gegradeer is en enige pos van onderwyser verbonde aan 'n onderwyshulpdiens wat gegradeer is gelyk aan 'n pos van vise-hoof van 'n primêre skool —

- (a) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie C vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (b) ses jaar werklike onderwyservaring.

#### F.—Pos van Departementshoof (Onderwyskollege)

##### Afdeling

###### (a) Akademies —

- (i) 'n goedgekeurde meestersgraad van 'n universiteit;
- (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (iii) sewe jaar werklike onderwyservaring.

###### (b) Spesialisering en vaardigheid —

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (ii) sewe jaar werklike onderwyservaring.

###### (c) Musiek, ballet en drama —

- (i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en
- (ii) sewe jaar werklike onderwyservaring.

#### G.—Pos van Senior Dosent (Onderwyskollege)

##### Afdeling

###### (a) Akademies —

- (i) 'n goedgekeurde honneursgraad van 'n universiteit;
- (ii) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en
- (iii) vyf jaar werklike onderwyservaring in die geval van kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis

(3) Any primary school and any school graded as such, and any post of teacher attached to an educational ancillary service, graded equal to a post of deputy principal (primary school) —

- (a) qualifications required for classification into category C and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (b) eight years' actual teaching experience.

#### E.—Post of Vice-Principal

(1) Any secondary school [excluding a post of vice-principal (workshop) attached to a technical secondary school or the technical department of a commercial and technical secondary school, and a post of vice-principal of a secondary school of art, music and ballet], the Loopspruit and Schoemansdal clinic schools and any post of teacher, attached to an educational ancillary service, graded equal to a post of vice-principal (secondary school) —

- (a) qualifications required for classification into category D and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (b) six years' actual teaching experience.

(2) Any technical secondary school or the technical department of a commercial and technical secondary school (vice-principal, workshop) —

- (a) a National Technical Diploma or recognised equivalent qualifications;
- (b) a recognised professional teaching qualification; and
- (c) six years' practical experience in a workshop.

(3) Any secondary school of art, music and ballet —

- (a) qualifications required for classification into category D and which include both a recognised professional teaching qualification and an appropriate qualification in the relevant field of art; and
- (b) six years' actual teaching experience.

(4) Any primary school and any school graded as such and any post of teacher attached to any educational ancillary service, graded equal to a post of vice-principal of a primary school —

- (a) qualifications required for classification into category C and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (b) six years' actual teaching experience.

#### F.—Post of Head of Department (College of Education)

##### Division

###### (a) Academic —

- (i) an approved master's degree of a university;
- (ii) a recognised professional teaching qualification; and
- (iii) seven years' actual teaching experience.

###### (b) Specialisation and skills —

- (i) qualifications required for classification into category E and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (ii) seven years' actual teaching experience.

###### (c) music, ballet and drama —

- (i) qualifications required for classification into category E and which include a recognised professional teaching qualification; and
- (ii) seven years' actual teaching experience.

#### G.—Post of Senior Lecturer (College of Education)

##### Division

###### (a) Academic —

- (i) an approved honours degree of a university;
- (ii) a recognised professional teaching qualification; and
- (iii) five years' actual teaching experience in the case of qualifications required for classification into category

word en vier jaar werklike onderwyservaring in die geval van kwalifikasies wat vir indeling in kategorie F vereis word.

(b) Spesialisering en vaardigheid —

(i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(ii) vyf jaar werklike onderwyservaring in die geval van kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis word en vier jaar werklike onderwyservaring in die geval van kwalifikasies wat vir indeling in kategorie F vereis word.

(c) Musiek, ballet en drama —

(i) kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(ii) vyf jaar werklike onderwyservaring in die geval van kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis word en vier jaar werklike onderwyservaring in die geval van kwalifikasies wat vir indeling in kategorie F vereis word.

**H.—Pos van Senior Vakinspekteur.**

(a) Kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(b) tien jaar werklike onderwyservaring.

**I.—Pos van Vakinspekteur.**

(a) Kwalifikasies wat vir indeling in kategorie D vereis word en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(b) sewe jaar werklike onderwyservaring.

**J.—Pos van Senior Skoollibiotekadviseur.**

(a) Kwalifikasies wat vir indeling in kategorie E vereis word en wat 'n goedgekeurde graad of diploma in biblioteek-kunde sowel as 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(b) tien jaar werklike onderwyservaring.

**K.—Pos van Skoollibiotekadviseur.**

(a) Kwalifikasies wat vir indeling in kategorie D vereis word en wat 'n goedgekeurde graad of diploma in biblioteek-kunde sowel as 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit; en

(b) sewe jaar werklike onderwyservaring.

**L.—Pos van Senior Assistent: Sekondêre Skool.**

(a) (i) Die besondere vak op tweedejaar-universiteitsvlak; of  
(ii) drie jaar spesialisering na matriek in die besondere vak; of

(iii) ander kwalifikasies wat deur die Direkteur as gelykwaardig aan of (i) of (ii) geag word;

(b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie;

(c) bewys van onderwysondervinding tot en met st. 10 in die betrokke vak; en

(d) (i) vyf jaar werklike onderwyservaring in die geval van applikante wat vir indeling in kategorie A, B, of C kwalifiseer; en

(ii) vier jaar werklike onderwyservaring in die geval van applikante wat vir indeling in kategorie D, E of F kwalifiseer.

**M.—Pos van Senior Assistent: Primêre Skool.**

(a) Bewys van onderwysondervinding in die betrokke vak;

(b) 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie; en

E and four years' actual teaching experience in the case of qualifications required for classification into category F.

(b) Specialisation and skills —

(i) qualifications required for classification into category E and which include a recognised professional teaching qualification; and

(ii) five years' actual teaching experience in the case of qualifications required for classification into category E and four years' actual teaching experience in the case of qualifications required for classification into category F.

(c) Music, ballet and drama —

(i) qualification required for classification into category E and which include a recognised professional teaching qualification; and

(ii) five years' actual teaching experience in the case of qualifications required for classification into category E and four years' actual teaching experience in the case of qualifications required for classification into category F.

**H.—Post of Senior Subject Inspector.**

(a) Qualifications required for classification into category E and which include a recognised professional teaching qualification; and

(b) ten years' actual teaching experience.

**I.—Post of Subject Inspector.**

(a) Qualifications required for classification into category D and which include a recognised professional teaching qualification; and

(b) seven years' actual teaching experience.

**J.—Post of Senior School Library Adviser.**

(a) Qualifications required for classification into category E and which include an approved degree or diploma in library science as well as a recognised professional teaching qualification; and

(b) ten years' actual teaching experience.

**K.—Post of School Library Adviser.**

(a) Qualifications required for classification into category D and which include an approved degree or diploma in library science as well as a recognised professional teaching qualification; and

(b) seven years' actual teaching experience.

**L.—Post of Senior Assistant: Secondary School.**

(a) (i) The subject concerned at second year university level; or

(ii) three-years' post-matriculation specialisation in the subject concerned; or

(iii) other qualifications deemed by the Director equivalent to either (i) or (ii);

(b) a recognised professional teaching qualification;

(c) proof of teaching experience in the subject concerned up to and including Std. 10; and

(d) (i) five years' actual teaching experience in the case of applicants qualifying for classification into category A, B or C; and

(ii) four years' actual teaching experience in the case of applicants qualifying for classification into category D, E or F.

**M.—Post of Senior Assistant: Primary School.**

(a) Proof of teaching experience in the subject concerned;

(b) a recognised professional teaching qualification; and

- (c) (i) vyf jaar werklike onderwyservaring in die geval van applikante wat vir indeling in kategorie A, B of C kwalifiseer; en  
(ii) vier jaar werklike onderwyservaring in die geval van applikante wat vir indeling in kategorie D, E of F kwalifiseer.

**N.—Alle ander Poste.**

- (i) 'n Erkende professionele onderwyskwalifikasie; of  
(ii) ander kwalifikasies wat erken word.

**13. Waardebepaling van kwalifikasies vir aanstelling as 'n onderwyser**

(1)(a) Vir die doel om die waarde van kwalifikasies vir 'n aanstelling as onderwyser te bepaal met die oog daarop om die salaris betaalbaar aan 'n onderwyser vas te stel, word elke onderwyser in een van die volgende kategorieë ingedeel, en die kategorie waarin hy ingedeel word, hang, behoudens die bepalings van subparagraaf (2), af van die erkende en werklike minimum getal voorgeskrewe voltydse professionele of akademiese studiejare aan 'n goedgekeurde universiteit of opleidingsinrigting na verwerwing van die standerd 10-sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie:—

Kategorie A — 'n tydperk korter as dié in kategorie B genoem.

Kategorie B — twee jaar.

Kategorie C — drie jaar.

Kategorie D — vier jaar.

Kategorie E — vyf jaar.

Kategorie F — ses jaar.

(b) Die datum van inwerkintreding van die kategorie-indeling is die eerste dag van die kalendertermyn wat volg op die datum waarop die onderwyser aan die finale vereistes vir die kwalifikasie of kwalifikasies waarna die waarde ingevolge subparagraaf (1)(a) bepaal is voldoen het.

(2)(a) Waar 'n onderwyser akademiese kwalifikasies verwerf waarvan die kursus nie voldoen aan die vereistes deur die Direkteur voorgeskryf vir goedgekeurde akademiese kwalifikasies nie, word sodanige onderwyser se kwalifikasies ingedeel 'n kategorie laer as wat die geval sou wees indien sodanige kwalifikasies aan die voorgeskrewe vereistes voldoen het.

(b) Waar 'n onderwyser 'n nagraadse akademiese kwalifikasie verwerf wat volg op akademiese kwalifikasies wat nie voldoen aan die vereistes deur die Direkteur voorgeskryf nie, word aan sodanige onderwyser geen verdere erkenning vir sodanige nagraadse akademiese kwalifikasie verleen nie.

(c) 'n Onderwyser wat vóór die inwerkintreding van regulasie 9(2) van die Aanstellings- en Diensvoorraarderegulasies vir Inspekteurs van Onderwys aangestel ingevolge artikel 5 van die Onderwysordonnantie, 1953, soos gewysig, wat nie lede van die Staatsdiens van die Republiek is nie en vir onderwysers genoem in Hoofstuk V van die Onderwysordonnantie, 1953, soos gewysig, 'n aanvang gemaak het met studies vir 'n akademiese kwalifikasie, sal by verwerwing van sodanige kwalifikasie geag word daardie kwalifikasie te verwerf het ooreenkomsdig die regulasies in werking voor die inwerkintreding van gemelde regulasie.

**14. Bepaling van aanvangsalaris van 'n onderwyser binne enige toepaslike salarisskaal**

(1) 'n Onderwyser wat in die diens van die Departement tree en wat geen erkende onderwys- of ander ervaring het nie, ontvang 'n salaris binne die toepaslike salarisskaal en ooreenkomsdig die graad van pos in paragraaf 12 genoem, waarin hy aangestel is en die kwalifikasies wat hy besit waarna in paragraaf 13 verwys word;

(2) 'n Onderwyser wat in die diens van die Departement tree en wat erkende onderwys- of ander ervaring besit, ontvang, behoudens die bepalings van artikel 81 van die Ordonnantie, 'n salaris binne die toepaslike salarisskaal en ooreenkomsdig die graad van pos in paragraaf 12 genoem, waarin hy aangestel is en die kwalifikasies wat hy besit waarna in paragraaf 13 verwys word.

- (c) (i) five years' actual teaching experience in the case of applicants qualifying for classification into category A, B or C; and  
(ii) four years' actual teaching experience in the case of applicants qualifying for classification into category D, E or F.

**N.—All Other Posts.**

- (i) A recognised professional teaching qualification; or  
(ii) other recognised qualifications.

**13. Evaluation of qualifications for appointment as a teacher**

(1)(a) for the purpose of determining the evaluation of qualifications for an appointment as a teacher with a view to determining the salary payable to a teacher, every teacher shall be classified into one of the following categories, and the category into which he is classified shall, subject to the provisions of subparagraph (2), depend on the recognised and actual minimum number of prescribed full-time professional or academic years of study at an approved university or training institution after the attainment of the standard 10 certificate or equivalent qualification:—

Category A — a period shorter than that referred to in category B.

Category B — Two years.

Category C — three years.

Category D — four years.

Category E — five years.

Category F — six years.

(b) The date of coming into operation of the category classification shall be the first day of the calender term following on the date on which the teacher has conformed to the final requirements for the qualification or qualifications evaluated in terms of subparagraph (1)(a).

(2)(a) Where a teacher attains academic qualifications, the courses of which do not conform to the requirements for approved academic qualifications as prescribed by the Director, such teacher's qualifications shall be classified one category lower than would have been the case had such qualifications conformed to the prescribed requirements.

(b) Where a teacher attains a post-graduate academic qualification following upon academic qualifications which do not conform to the requirements as prescribed by the Director, no further recognition is accorded to such teacher in respect of such post-graduate academic qualification.

(c) A teacher who, prior to the coming into operation of regulation 9(2) of the Regulations prescribing the Conditions of Appointment and Service of Inspectors of Education appointed in terms of section 5 of the Education Ordinance, 1953, as amended, who are not members of the Public Service of the Republic and of teachers referred to in Chapter V of the Education Ordinance, 1953, as amended, commenced studies for an academic qualification, shall on attainment of such qualification be regarded as having attained that qualification in accordance with the regulations in force prior to the coming into operation of the said regulation.

**14. Determination of commencing salary of a teacher within any appropriate salary scale**

(1) A teacher entering the service of the Department and who has no recognized teaching or other experience, shall receive a salary within the appropriate salary scale and in accordance with the grade of post, referred to in paragraph 12, to which he has been appointed and the qualifications held by him as referred to in paragraph 13.

(2) A teacher entering the service of the Department and who has recognized teaching or other experience shall, subject to the provisions of section 81 of the Ordinance, receive a salary within the appropriate salary scale and in accordance with the grade of post, referred to in paragraph 12, to which he has been appointed and the qualifications held by him as referred to in paragraph 13.

(3) 'n Onderwyser wat in die diens van die Departement in 'n permanente hoedanigheid tree en wat aangestel word in 'n pos van assistent-onderwyser waarop 'n hoër salaris as die standaardsalarisskaal van toepassing is of in 'n onderwyspos wat hoër gegradeer is as dié van 'n assistent-onderwyser, ontvang die salaris wat hy sou ontvang het as hy aangestel sou gewees het in 'n pos van assistent-onderwyser waarop die standaardsalarisskaal van toepassing is en is daarbenewens geregtig op sodanige salarisverhogings soos bepaal ooreenkomsdig subparagrafe (4) en (5).

(4)(a) 'n Assistant-onderwyser wat alreeds in diens van die Departement is in 'n pos waarop die standaardsalarisskaal van toepassing is en wat aangestel word in 'n pos waarop 'n hoër salaris van toepassing is, ontvang een salarisverhoging ten opsigte van elke rang-ordepositie ooreenkomsdig die rangvorderingsleer soos in subparagraaf (5) uitgeset, binne die salaris van toepassing is, waarvolgens hy onmiddelik voor sodanige aanstelling besoldig is: Met dien verstande dat die salaris aldus bepaal nie minder is nie as die minimum en nie meer is nie as die maksimum van die salaris van toepassing wat dan op sodanige onderwyser van toepassing sal wees.

(b) Die salaris van 'n onderwyser wat 'n pos beklee waarop 'n hoër salaris van toepassing is en wat aangestel word in 'n pos waarop dieselfde salaris van toepassing is, word nie deur sodanige aanstelling geïmpakteer nie.

(c) Die salaris van 'n onderwyser wat 'n pos beklee waarop 'n hoër salaris van toepassing is en wat in 'n ander pos aangestel word wat, ooreenkomsdig die rangvorderingsleer, in dieselfde rangordepositie is, maar waarvan die minimum kerf of beide die minimum en die maksimum kerf van die salaris van toepassing is, laer is as dié van die pos wat hy voorheen beklee het, word bepaal asof die betrokke onderwyser 'n onderwyser is wat in 'n permanente hoedanigheid in die diens van die Departement tree en wat aangestel word in 'n pos van assistent-onderwyser waarop 'n hoër salaris van toepassing is en sodanige onderwyser ontvang die salaris wat hy sou ontvang het as hy aangestel sou gewees het in 'n pos van assistent-onderwyser waarop die standaardsalarisskaal van toepassing is en is daarbenewens geregtig op sodanige salarisverhogings soos ooreenkomsdig subparagraaf (5) bepaal.

(5) Vir die toepassing van hierdie paragrafe, beteken die rangvorderingsleer dat een salarisverhoging 'n onderwyser toekom ten opsigte van elke trap wat sodanige onderwyser bo die basiese salaris van vorder, soos in die rangvorderingsleer hierby uiteengesit —

### RANGVORDERINGSLEER

#### Rangorde

##### Graad van Pos

Basiese  
salarisskaal:

Trap 1	Vorderingsalarisskaal
Trap 2	Senior assistent (laer skool) Hoof PIV
Trap 3	Senior assistent (sekondêre skool) Hoof PIII Vise-hoof (laer skool) Junior assistent: Onderwysburo Assistent: Sielkundige Assistent: Onderwysmuseum Dieetkundige Assistent: Veldskool

(2) A teacher entering the service of the Department in a permanent capacity and who is appointed to a post of assistant teacher to which a higher salary than the standard salary scale applies or to a teaching post graded higher than that of an assistant teacher, shall receive the salary he would have received had he been appointed to a post of assistant teacher to which the standard salary scale applies and shall in addition be entitled to such salary increments as determined in accordance with subparagraphs (4) and (5).

(4)(a) An assistant teacher already in the service of the Department in a post to which the standard salary scale applies and who is appointed to a post to which a higher salary scale applies, shall receive one salary increment in respect of every rank order position according to the rank progression ladder, as set out in subparagraph (5), on the salary scale according to which he was numerated immediately prior to such appointment: Provided that the salary so determined shall not be less than the minimum and not more than the maximum of the salary scale which will then be applicable to such teacher.

(b) The salary of a teacher occupying a post to which a higher salary scale than the standard salary scale applies, and who is appointed to a post to which the same salary scale applies, shall not be affected by such appointment.

(c) The salary of a teacher occupying a post to which a higher salary scale than the standard scale applies and who is appointed to another post which, according to the rank progression ladder, is in the same rank order position, but the minimum notch or both the minimum and maximum notch of the salary scale which applies to such other post is lower than that of the post previously occupied by him, shall be determined as if the teacher concerned is a teacher entering the service of the Department in a permanent capacity and who is appointed to a post of assistant teacher to which a higher salary than the standard scale applies and such teacher shall receive the salary he would have received had he been appointed to a post of assistant teacher to which the standard salary scale applies and shall in addition be entitled to such salary increments as determined in accordance with subparagraph (5).

(5) For the purposes of these paragraphs, the rank progression ladder means that one salary increment shall accrue to a teacher in respect of every step above a basic salary scale to which such teacher progresses as set out in the rank progression ladder hereto —

### RANK PROGRESSION LADDER

#### Rank order

##### Grade of Post

Basic salary scale:	Standard salary scale
Step 1	Progression salary scale
Step 2	Senior assistant (primary school) Principal PIV.
Step 3	Senior assistant (secondary school) Principal PIII Vice-principal (primary school) Junior assistant: Education bureau Assistant: Psychologist Assistant: Education museum Dietician Assistant: Veld School

Trap 4	Adjunk-hoof (laer skool) Dosent Assistent: Skoolreisdiens Senior bibliotekaris Senior kollegebiblioekaris Assistent: Oudio-visuele onderwys	Step 4 Deputy principal (primary school) Lecturer Assistant: School journey service Senior librarian Senior college librarian Assistant: Audio-visual education
Trap 5	Hoof PII Vise-hoof (veldskool) Vise-hoof (sekondêre skool)	Step 5 Principal PII Vice Principal (veld school) Vice-principal (secondary school)
Trap 6	Adjunk-hoof (sekondêre skool) Adjunk-hoof: Skoolreisdiens Senior dosent	Step 6 Deputy principal (secondary school) Deputy head: School journey service Senior lecturer
Trap 7	Hoof HII Hoof PI Assistent: Onderwysburo Skoolbiblioekadviseur Eerste bibliotekaris Sielkundige Hoof: Oudio-visuele onderwys Assistent-hoof: Onderwysmuseum Hoof: Veldskool	Step 7 Principal HII Principal PI Assistant: Education bureau School library adviser Principal librarian Psychologist Head: Audio-visual Education Assistant head: Education museum Principal: Veld School
